# KOERSVAS

Jaargang 13 Uitgawe 245
12 Desember 2025

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr J Otto


**In hierdie uitgawe:**


**Redaksioneel: Kersfees - Kaf en Koring**
**NHKA probleme**
**Lewensbrood 2026**
**Kennisgewings**


## REDAKSIONEEL

### Kersfees - Kaf en Koring

In baie Christen huishoudings staan daar 'n versierde kersboom en 'n miniatuur verteenwoordiging van die stal toneel. Soms is daar hewige debat oor die versierde kersboom, tot op die punt van mekaar beskuldig van heksery en kettery. Wat is kosbaar, wat is korrek en wat kan maar gaan?

Deel van die strategie van die eerste Christen sendelinge was om die plaaslike heiden feeste te kersten as 'n deur vir die inbring van die Evangelie. Hierdie kerstening van sekere feeste het meer as net instrument van bekendstelling geword en deel geword van die institusionele handelinge van die nuwe Christene, en ook hulle opvolgende geslagte. Een so 'n fees is Kersfees en die kersboom. Christene het die dag en ewening-fees (Dae word nie meer korter nie, maar langer – koms van die lente) gesien as 'n tyd om die koms van die Heiland bekend te stel.

Die kersboom as 'n immergroen deel van feestelikhede het sy oorsprong in die viering van hierdie winter sonsewening. Die Germaanse Christene het 'n Paradys-boom versier op Adam- en Eva-feesdag, 24 Desember. Die boom was deel van die toneelstukke wat buite kerke opgevoer is en die immergroen bome is met appels (teken van die verbode vrug) en wafelbeskuitjies (teken van die brood by Nagmaal) versier. Teen die vyftiende eeu het die boom se naam verander na Christus-boom en is daar ander versierings soos koekies en tertjies bygevoeg. Na legende het Martin Luther kerse bygevoeg as versiering (kers as simbool van lig – Christus).

Dit was die troue van koningin Victoria en Prins Albert (Duitser) wat die gebruik sy internasionale stukrag sou gee. Die koninklike familie het die gebruik gehad om die kersboom te versier. Duitse immigrante het die gebruik na Amerika uitgevoer en die twee faktore het die Amerikaanse verbeelding aangegryp en die tradisie gevestig. Gou was dit die modieuse ding om te doen en vandag is dit amper vanselfsprekend. Met tyd het die aard van die versierings verander en is eetbare versierings vervang met blinkers en meer. Die liggies het die kerse vervang (veiligheidshalwe) en simboliseer steeds Christus.

Wat om daarvan te maak? Die Bybel sê niks oor kersbome nie. Solank Christus in die middelpunt staan en die boom nie verhef of aanbid word nie, kan daar geen ernstige beswaar teen die familie tradisie ingebring word nie.

Wat dan van daardie miniatuur uitstalling van die geboorte toneel? Die een met die skapies, die baba, Josef, Maria en die wyse manne? Soms ook nog 'n engel en die ster. Dit was vroeg reeds gebruik om (soms dwarsdeur die jaar) die geboorte toneel in

kerke met ikone te simboliseer. Soos dit met die kerk beter gegaan het, het die uitbeelding meer uitspattig en goud-versierd geword. Francis van Assisi het in 1223 die pous (Honorius III) se toestemming gevra om ‘n spesiale uitbeelding daar te stel. Hy wou dit doen in ‘n grot in die Italiaanse dorpie Greccio. Hy het ‘n regte krip en regte hooi gebruik. Daarmee saam het hy ‘n donkie en ‘n os gebruik AS SIMBOLE om Jesus se nederige koms uit te beeld. Hy wou mense in hul denke weg laat beweeg van die uitspattige vergulde uitbeeldings in die kerke.

Die krip was in alle waarskynlikheid van steen gemaak, eerder as hout (indien ons ag slaan op argeologiese navorsingsresultate. Die krip was gekerf of opgebou as deel van die onderste deel van die Mediterreense huis - daar waar die diere gehou is. Soms was die krip in ‘n grot geleë.

Wat hoort nie by die uitbeeldings nie? Die wyse manne natuurlik! ‘n Sorgvuldige lees van die geskiedenis laat ons besef dat die wyse manne baie lank na die geboorte eers daar aangekom het, gelei deur die ster, so die ster kan maar bly. Eintlik is daar ook nie plek vir vergulde en duur versierde elemente nie. Die nederige omstandighede by Jesus se geboorte roep om nederige uitbeelding. Gaan haal maar die steen krip, die ster, die herders en engele, arme Maria en Josef, die diere – os, donkie ingesluit uit die verpakking. Die skapies kan maar in die veld bly waar die herders hulle gelaat het en die wyse manne kan maar wag vir die tyd van die epifanie – na Kersfees.

Hoe u as gesin hierdie Christusfees gaan vier, onthou net wie eintlik in die middelpunt staan en waardeer die geseënde tyd saam. Geseënde Christusfees aan u almal!

## NHKA probleme

Die redaksie het die volgende ontvang van iemand wat die teologie op die hart dra. “Die Hervormde kerk het verlede maand by hul vergadering amptelik nou die Dordtse leerreëls as Belydenisskrif verwerp. Net een teenstem is genotuleer. Hulle is nou volledig Armeniaans. Barth se soteriologie omarm. Missionaal. Ek het nie gedink ek sou die dag sien wat 'n susterskerk amptelik 'n streep deur die belydenis trek nie”.

Die leser het dalk ‘n punt beet. ‘n Skerpkant van die argumentasie stel: dat ‘n leer oor die uitverkiesing soos verwoord in die DL nie voldoen aan die beginsel van sola scriptura nie aangesien dit nie in alle opsigte in ooreenstemming met die Woord van God is nie. Verder word die Dordtse leerreëls as historiese dokument, eerder as lewende riglyn beskryf. Lesers moet vir hulself besluit of die leser oorreageer.

Een onrusbarende voorstel was: “God se keuse vir die mens en Christus se verlossingswerk hef nie die mens se verantwoordelikheid op om vir God te kies nie (Deuteronomium 30: 19).” Die gewysigde besluit soos aanvaar met net een stem lui daar: * God se keuse vir die mens en Christus se verlossingswerk hef nie die mens se verantwoordelikheid op om dankbaar op God se keuse te reageer nie. (Deuteronomium 30: 19). Beide formulerings ontsnap nie van Armeniaans klink nie nie.. Gaan lees gerus die studiestukke, die beskrywingspunt. Wat dink U?

Besluit soos aanvaar:

1. Die 74ste AKV neem met dank kennis van die studiestukke oor uitverkiesing wat in die huidige en resente AKV’s se agendas opgeneem is.
2. Lidmate en ampsdraers word aangemoedig om die studiemateriaal wat

in die agenda van die AKV opgeneem word te benut as toerusting vir ampsdraers en lidmate.

3. Die Dordtse Leerreëls (DL) moet, soos enige ander belydenisskrif, as ‘n historiese dokument beskou word. As menslike woorde oor God moet dit kontekstueel en met verantwoordelikheid geïnterpreteer word.

4. Ten opsigte van uitverkiesing neem die vergadering kennis van die volgende sake wat hieruit voortspruit:

* Die bron van uitverkiesing is God self, en God se onverstaanbare genade en liefde vir sondige mense (Efesiërs 1: 3; Efesiërs 1: 6; Efesiërs 1: 12; Johannes 3: 16).
* Uitverkiesing lei ons tot lofprysing oor die heil wat in Christus aangebreek het (Efesiërs 1: 6).
* Uitverkiesing begin met God Drie-enig se besluit en keuse om vir die mens God te wees (Genesis 1: 26; Eksodus 3: 6 tot 8; Jeremia 30: 22).
* Aan die kruis is Jesus Christus die mens wat deur God verlaat en verwerp is, om as mens God se straf op die mens se sonde te dra (Efesiërs 1: 7; 1 Timoteus 2: 3 en 4).
* Aan die kruis is Jesus Christus tegelykertyd die mens wat uitverkies is, in en deur wie die mens met God versoen is (Lukas 23: 35; 1 Petrus 2: 4; 2 Korintiërs 5: 19).
* Jesus Christus is plaasvervangend en tegelykertyd die mens wat deur God verwerp is en deur God uitverkies is.
* God se keuse vir die mens en Christus se verlossingswerk hef nie die mens se verantwoordelikheid op om dankbaar op God se keuse te reageer nie. (Deuteronomium 30: 19).
* Christus is God se ja vir alle mense. Geloof in Christus is die mens se ja vir God. Deur geloof word Christus se dood en opstanding vir ons ’n werklikheid en is ons deel van God se uitverkore volk. Daarom kan ons net van uitverkiesing in Christus praat (Efesiërs 1: 4).
* Uitverkiesing gaan nie net om individuele gelowiges nie, maar om die gemeenskap van gelowiges. God se voorneme om vir Hom ’n kerk te vergader (Efesiërs 1: 11), laat ons besef wat genade is en dat die kerk vir God belangrik is.
* As gemeenskap van gelowiges en uitverkore volk van God (Efesiërs 1: 11; Efesiërs 1: 13; Kolossense 3: 12) is die kerk van Christus geroep om die evangelie aan alle mense te verkondig, in die vaste oortuiging dat Jesus Christus vir alle mense gesterf het, en in die hoop dat mense deur die verkondiging en die werking van die Heilige Gees tot geloof sal kom (Efesiërs 1:13 en 14).
* Dié mense wat hulle verset teen die werking van die Heilige Gees en in ongeloof volhard, staan as gevolg van hulle sonde en ongeloof steeds onder die oordeel van God (Efesiërs 2: 1 tot 3).
* Die Hervormde Kerk verstaan haarself as deel van die uitverkore volk van God wat in gehoorsaamheid aan God heilig en onberispelik (Efesiërs 1: 4) in God se teenwoordigheid wil leef, en daagliks met barmhartige woorde en dade wil getuig
** van God se liefde en genade wat in en deur Jesus Christus ons erfdeel is (Efesiërs 1: 18).
* As Kerk verstaan ons dat ons uitverkies is om diensbaar te wees. As volk van God getuig ons van God se Koninkryk (1 Petrus 2: 9) en heerskappy wat met Christus se koms in hierdie wêreld sigbaar geword het; bid ons dat God se Koninkryk sal kom en roep ons mense tot geloof en bekering (Markus 1: 15). Ons liefde vir God en ons naaste roep elkeen op om die evangelie aan almal te verkondig, dissipels van

mense te maak en barmhartigheid aan alle mense te bewys

## Lewensbrood 2026

Die Lewensbrood is gedruk, gebind en reeds versend na alle gemeentes en individue. Betyds vir die perfekte Kersgeskenk! Kry u kopie by u gemeente. Ons dank aan die span by Teamwork printers.

## KENNISGEWINGS

**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:
Kalenders
Kwitansieboeke
Offergaweboeke
Dames Kwitansieboeke
Konsistorieboeke
Reklame-plakkate en ander drukwerk
ella@teamworkprinters.com